

MARCH / MAART 2009

AGRA CO-OPERATIVE LTD MEMBERS' NEWSLETTER

AGRA KOÖPERATIEF BPK SE LEDE NUUSBRIEF



## SWAKARA - VERKOPE MIDDE-IN DIE FINANSIËLE CHAOS

Sedert die laaste **swakara** veiling in September 08 beleef die wêreld-ekonomie een van sy moeilikste tye in die geskiedenis. Met **swakara** as 'n uitvoerprodukt sal dit verkeerd wees om die indruk te skep dat ons nie daardeur geraak gaan word nie.

Behalwe Amerika en Europa gaan dit ook moeilik in Rusland wat 'n groot verbruiker van **swakara** en karakoelpelse is. China gebruik nog nie **swakara** nie maar is huidiglik die grootste nerts koper. China moes verskeie pelsverwerkingsaanlegte toemaak en mense afbetaal omdat hulle nie werk uit die weste kry nie.


Dit is moeilik om te voorspel hoe die **swakara** verkope geraak sal word, maar daar is 'n paar faktore wat 'n rol speel wat meer lig op die onderwerp kan gee.

**Mode** - Blaai jy deur die top pelsmodetydskrifte sien jy verskeie ontwerpers en modehuise het begin om **swakara** in hul versamelings in te sluit. Dit toon dat **swakara** steeds hoog mode is. Dit is verseker die vrugte van die Karakoelraad- en bedryf se volgehoue promosie oor die afgelope paar jare. Hierdie jaar se projek met Kopenhagen Fur Studio belooft om **swakara** weer eens op nuwe hoogtes te plaas in die modewêreld. Dit geld nie net vir kledingstukke nie maar ook skoene, kombinasie met juwele en matte.

**Koue winter** - Dit bly nog een van die beste verkopers van pelsartikels. Die erge koue in Amerika, Europa en Rusland het beslis 'n effek op die vraag na pelse en sal hopenlik help om die effek van die swak ekonomiese omstandighede te verlig.

**Wisselkoers** - Die afgelope paar maande na die September 08 veiling was die wisselkoers baie gunstig vir uitvoere en as dit so bly sal dit help om die maandelike daling in prys so klein as moontlik te hou en aan ons die geleentheid gee om alles te verkoop. Dit sal ook aan ons kopers toon dat ons in hierdie moeilike tye bereid is om teen dalende pryse in US\$ en Krone nog steeds goeie kwaliteit pelse te voorsien.

**Huidige pelsveiling** - In die pelsindustrie is daar 'n ongeskrewe reël



dat nerts die toonaangewende pelssoort t.o.v. prys is en dat die ander pelssoorte volg. Dit is nie altyd so nie maar is tog belangrik dat ons sal kyk wat na September 08 gebeur het.

Desember 2008 se veiling in Kopenhagen en Helsinki het ons laat beseef hoe groot invloed die ekonomiese chaos op die verkope het. Kopenhagen Fur het slegs 20% van hul nertsaanbod verkoop teen 'n afname van 22% in prys teenoor September 2008. Finnish Fur Sales het darem 30% verkoop teen min of meer dieselfde daling in prys. Februarie 2009 se Kopenhagen veiling lyk beter met ongeveer 100% verkope maar steeds 'n daling van 15% op die 22% van Desember 08. In totaal 'n daling van ongeveer 40% teenoor September 08.

Die 100% verkoopsyfer is bemoedigend en toon dat die vraag na pelse goed is. Kopers het egter minder geld en/of hulle is versigtig om te duur te betaal weens die onsekerheid oor hoe lank die krisis gaan voortduur. Die ander goeie nuus is dat die Chinchilla pelse wat verkoop is in Februarie met 27% in prys gestyg het.

**Swakara aanbod** - Die handelsmerk van **swakara** is kwaliteit, kwaliteit en kwaliteit! Dit moet ons nooit verwaarloos nie. Ons 70 000 pelse op die komende veiling is slegs 'n druppel in die emmer teenoor die ander pelssoorte en daarom bedien ons 'n nismark - 'n mark wat kwaliteit en iets anders soek as die gewone. Dit alleen mag dalk 'n positiewe invloed beteken.

Tussen nou en 3 April kan baie dinge verander maar as bogenoemde in aanmerking geneem word en ons aanvaar 'n matige daling as ons deel van die ekonomiese krisis (wat ons nie veroorsaak het nie), dan behoort daar geen rede tot paniek te wees nie. Agra is dus van mening dat u moet voortgaan met produksie en steeds groot klem lê op die kwaliteit wat u produseer. Dit is in tye soos hierdie wat u kwaliteit u gaan deurdra!

Wessel Visser  
Bestuurder Pelsentrum

"Opportunity dances with those who are ready on the dance floor" H Jackson Brown Jr said. When the opportunity came to take responsibility for the Ring, I was there! Being employed at Agra for three years, coming from a farm, studying and teaching agriculture, being curious, loving agriculture, stories, learning and writing, I believe I am ready for the dance. I look forward to the interaction and communication with Agra's members and your inputs and support to keep the Ring relevant, interesting and informative.

Agra also strives to be ready for whatever opportunity there might be to prosper and to help our Namibian farmers in their farming enterprises. We know the challenges: our animal health status, bush encroachment; marketing of our products, especially to niche markets and many more. This edition of the Ring gives valuable information on chemical bush control and animal vaccination procedures. Have a retrospect with us at last year's stud auctions and a prospect to the next pelt auction.

Starting in this month's edition we will have a question corner. Any general questions regarding Agra business or Agra membership or any other issue where Agra is involved will be answered in this column. If you have any questions, please feel free to ask. Agra management will answer your question to the best of their ability. This is your news letter! Any comments or suggestions regarding the Ring would be welcome.

*Regards and happy farming  
with lots of rain!*



**Albé Snyman**  
Communications Officer  
Private Bag 12011  
Windhoek  
Tel: 061-290 9273  
E-mail: [albes@agra.com.na](mailto:albes@agra.com.na)



## STOETVEE BEHAAL WEER EENS REKORDPRYSE IN 2008

Elke landboujaar in Namibië word deur eie unieke gebeure en boerdery-omstandighede gekenmerk. So byvoorbeeld het die dreigende wêreldressessie gedurende 2008 skielik 'n werklikheid geword terwyl Namibië die gevolge daarvan waarskynlik nie sal vryspring nie. Insgelyks is rekord hoë brandstofpryse behaal wat produsente se kontantvloei geweldig negatief beïnvloed het. Te danke aan die laat reën wat in Februarie en Maart 2008 in verskeie dele van die land geval het, is 'n bogemiddelde landboujaar beleef met natuurlik verskeie faktore wat nog steeds die boerdery-omgewing negatief beïnvloed het soos onder andere:

- Steeds stygende produksiekostes
- Rekord hoë brandstofpryse
- Stygende rentekoerse
- EPA -handelsooreenkoms met betrekking tot marktoegang na die EU wat nog nie gefinaliseer is nie
- Uitkoms van Meatco se toekomstige sakestruktuur
- Onsekerheid oor die nuwe kleinveebemarkingskema
- Dreigende inperking van elektrisiteitvoorsiening deur Suid-Afrika aan Namibië
- Finansiële onvermoë van produsente om bosindringing aan te spreek
- Uitbreek van Bek- en Klouseer in die Noordelike kommunale gebiede

Daarteenoor is daar aan die positiewe kant 'n hele aantal aspekte wat produsente opgewonde kan maak soos onder meer:

- Nasionale veldbestuursbeleid en -herwinningstrategie wat deur die NLU geïnisieer is
- Gerugte van 'n gunstige Agribank leningskema om veldherwinning te ondersteun
- Nuwe finansieringskema deur Meatco om verslagting aan te moedig
- Daling in brandstofpryse
- Daling in rentekoerse

Te midde van bogenoemde negatiewe aspekte en teen alle verwagtinge in is daar in die stoetbedryf, soos verlede jaar, weer eens rekordpryse behaal waarop die stoettelers trots kan wees. Volgens die statistieke soos vervat in die Namibiese Stoettelersvereniging se jaarverslag van 2008 is die stoetbedryf in totaliteit steeds besig om te groei. Sedert 2000 het die getal telersgenootskappe na 26 (72.70%), die aantal telers na 475 (122%) en die aantal geregistreerde diere na 61 080 (109.9%) toegeneem.

Groot insette word deur verskeie instansies gelewer ten opsigte van opleiding aan ontlukende boere om doeltreffendheid van produksie te verhoog en sodoende volhoubaarheid in die landbou te bewerkstellig. Verskeie projekte onder leiding van die NLU, deur individue, studiegroepe en boereverenigings is tans aan die gang. Persone soos Bertus Kruger, Wolf von Wielligh en Willie Grobler maak groot bydraes in die verband. Agra het onlangs 'n afdeling wat professionele dienste lewer begin, wat onder andere ook gaan fokus op die opleiding van ontlukende produsente. Benewens die opleiding aan ontlukende produsente is daar ook 'n behoefte vir opleiding aan jong kommersiële produsente asook die nuwe generasie professionele deeltydse produsente. Hoe kundiger die land se kommersiële produsente is hoe hoër is die kuddeproduktiwiteit en hoe meer kwaliteit kuddebulle sal benodig word. Solank die agteruitgang van sekere plaaseenhede net gestuit kan word. As dit nie gebeur nie sal die totale kommersiële produksie afneem.

Die vernietigende effek van bosindringing op weidingsekosisteme bly egter steeds die vernaamste faktor wat volhoubare en winsgewende boerdery kniehalter. Enige produsent wat nog huiwer oor die effek van bosbekamping op veldherwinning kan gerus 'n besoek by die volgende persone aflê naamlik Benna van Wyk en Dawie Kok (Grootfontein), Hendrik Botha, André Compion en Eberhard Fischer (Okahandja en Hochfeld) Gert Wölbling en Riaan van

Wyk (Waterberg). Hierdie produsente het ten minste die drakrag van hul plaaseenhede met meer as die helfte verhoog. Op groot ontboste dele is *Cenchrus ciliaris* (Bloubuffelgras) gevestig wat die drakrag verder verhoog het. Indien die dragrag van die natuurlike weiding herwin kan word, kan die getal vroulike kommersiële diere toeneem, kuddeproduktiwiteit kan verhoog word wat die stoetbedryf op sy beurt sal stimuleer en stoettelers aanmoedig om meer winsgewende diere vir die Namibiese boerdery-omstandighede te teel.

Teen alle verwagting in het die stoetveilings weer eens besondere hoogtepunte opgelewer. Vanjaar se aanbiedings en pryse wat behaal is, het net weer die uitstaande genetiese kwaliteit van Namibië se stoetdiere beklemtoon. Soos verlede jaar is die rekord vir die duurste bul weer gebreek. Daarbenewens is die hoogste gemiddelde prys per bul ook behaal. Kasper Gunzel van die Makalani Brahmane het tydens die WHK skouveiling die Brahman bul "Tralon" aan André Compion vir 'n allemintige rekordprys van N\$ 170 000 verkoop. Tralon is 'n bul wat bekendheid verwerf het as 'n uitstekende teelbul, aangesien van sy nageslag al besonder goed op skoue presteer het. Op dieselfde veiling is twee seuns van Tralon vir onderskeidelik N\$ 95 000 en N\$ 60 000 verkoop. Daarby was 'n ander seun van Tralon die reserwe interras vleiskampioen tydens die 2008 Windhoek skou. Gunter Hellinghausen en Hagen Eggert asook Benna van Wyk was respektiewelik die kopers. Die tweede duurste bul is 'n Bonsmara bul van Dr Joggie Briedenhann wat vir 'n ongelooflike prys van N\$ 135 000 op sy eerste produksieveiling verkoop is. Hartebeestloop spog met uitstekende genetiese materiaal wat in die toekoms nog groot bydrae gaan maak tot die genetiese variasie van meerderwaardige teelmateriaal wat in die land beskikbaar sal wees. Roland Horn en Hans Peter Deloch was gesamentlik die kopers. Voorspoed word aan al bogenoemde telers met hulle aankope toegewens.

Gedurende 2008 het Agra 34 grootveestoeveilings landswyd aangebied. Die 752 bulle wat gedurende 2008 van die hand gesit is, is die tweede meeste bulle wat nog ooit aangebied was. In 2006 is 853 bulle aangebied wat egter verskeie totale uitverkopings insluit en derhalwe 2008 se prestasie van 752 indrukwekkend maak. Wat die prestasie meer insiggewend maak, is die feit dat die 752 bulle vir 'n nuwe rekordprys van gemiddeld N\$ 24 097 verkoop is. Verlede jaar se rekordprys was N\$ 21 812. Die primêre faktore wat bulpryse normaalweg beïnvloed is stabiliteit in die land, die jaarlikse reënval, beskikbaarheid van weiding asook slagvee- en speenkalfpryse. Sowaar 100 grootveestoeftelers het in 2008 diere deur Agra stoetveedienste bemark. In totaal is daar 1 773 (teenoor verlede jaar se 1 745) diere deur die stoetveilings bemark.

Die volgende 10 grootveestoeveilings het in 2008 die hoogste omsette behaal:

Central Select _____	(N\$ 1 906 500)
Namibia Genetics _____	(N\$ 1 648 150)
Hartebeestloop Bonsmaras _____	(N\$ 1 618 150)
Northern Select Winter Bull & Female Sale _____	(N\$ 1 446 000)
Superior Genetics _____	(N\$ 1 415 000)
Windhoek Skouveiling _____	(N\$ 1 217 250)
Hochfeld Gesamentlike Produksieveiling _____	(N\$ 1 055 000)
Bonsmara Nasionale Veiling _____	(N\$ 1 015 000)
Carla Meyer Simbra Veiling _____	(N\$ 1 014 100)

Theo Lintvelt Brahman Veiling \_\_\_\_\_ (N\$ 1 000 751)

Baie geluk aan die telers wat by bogenoemde veilings betrokke was. Kopers verkies al meer om veilings by te woon met 'n groot aanbod van kwaliteit bulle en vroulike diere. Verder het vervoerkostes 'n geweldige uitgawe geword en kopers verkies toenemend om veilings by te woon waar hy al sy aankope vir die jaar kan maak. Sodoende word kosbare tyd en vervoerkostes gespaar.

Die Northern Select telers as groep het vir die derde agtereenvolgende jaar die hoogste omset van N\$ 2 359 000 behaal. Nogmaals baie geluk aan Mecki en Brigitte Schneider, Hagen en Birgit Eggert, Gunter en Charlotte Hellinghausen, Sidney Martin en Ulla van Biljon. Die kombinasie van top kwaliteit diere, 'n volledige katalogus, genoegsame advertensie en deeglike nasorgdiens aan kopers is die wenresep tot die sukses van hierdie groep telers. Kwaliteit diere, kwaliteit advertensie en kwaliteit menswees is ongetwyfeld die sleutel tot suksesvolle en winsgewende stoeteling.

Soos reeds genoem is die duurste bul (N\$ 170 000) wat in 2008 van die hand gesit is die uitstekende Brahman bul "Tralon" uit die stalle van die Makalani Wit Brahman stoet van Kasper Gunzel. Die tweede duurste bul is die Bonsmara bul van Dr Joggie Briedenhann van Hartebeestloop Bonsmaras wat tydens sy eerste produksieveiling vir N\$ 135 000 verkoop is. Ander uitsonderlike prestasies is die wit Brahman bul van André Compion wat ook tydens die skouveiling vir N\$ 110 000 (Johan Riekert en Niel de Plooy was die kopers) verkoop is, 'n Bonsmara bul van Hartebeestloop Bonsmaras wat vir N\$ 106 000 van eienaar verwissel het, een van Tralon se seuns wat ook tydens die skouveiling vir N\$ 95 000 van die hand gesit is, nog 'n Bonsmara bul van Hartebeestloop Bonsmaras wat vir N\$ 86 000 verkoop is, 'n beproefde wit Brahman stoetbul van Hagen Eggert wat tydens die Brahman Nasionale veiling vir N\$ 76 000 verkoop is, 'n Simbra bul van Carla Meyer wat tydens haar veiling vir N\$ 70 000 van die hand gesit is, nog 'n Bonsmara bul van Hartebeestloop Bonsmaras wat vir N\$ 70 000 van eienaar verwissel het, 'n Simbra bul van Diethelm Metzger wat tydens die Central Select die bedrag van N\$ 62 500 behaal het, nog 'n Simbra bul van Diethelm Metzger wat tydens die skouveiling N\$ 60 000 behaal het en nog 'n Tralon seun wat tydens die skouveiling ook N\$ 60 000 behaal het. Dan is daar 'n verdere 5 bulle wat N\$ 50 000 en meer behaal het, 12 bulle wat N\$ 40 000 en meer behaal het en 32 bulle wat vir N\$ 30 000 en meer verkoop is.

Vir die eerste keer stap die Limousin met die louere weg as die ras wat die hoogste gemiddelde prys behaal het. 18 Limousin bulle is onder meer vir 'n uitstekende gemiddeld van N\$ 31 000 verkoop. Hierna volg die Charolais (6 bulle met 'n gemiddeld van N\$ 28 333), Simbras (50 bulle met 'n gemiddeld van N\$ 28 303), Simmentalers (128 bulle vir gemiddeld N\$ 25 359), Brahmane (248 bulle vir gemiddeld N\$ 24 960), Beefmasters (5 bulle vir gemiddeld N\$ 24 200) en die Bonsmaras (208 bulle vir gemiddeld N\$ 24 060).

Die Brahmane skop, soos verlede jaar, stof in die ander rasse se oë deur weer eens die meeste bulle te verkoop (248), gevolg deur die Bonsmaras (208), Simmentalers (128) en die Simbras met 50 bulle.

Die gesogste prestasie bly steeds dié teler wat die hoogste gemiddeld per produksieveiling behaal. Hierdie uitsonderlike prestasie gaan

to continue on page 4...

### Aantal bulle verkoop 1990 - 2008



vanjaar aan Hartebeestloop Bonsmaras van Dr Joggie Briedenhann en Nico Visser wat tydens hul eerste produksieveiling 18 bulle vir 'n ongelooflike rekord gemiddeld van N\$ 51 111 van die hand gesit het. Baie geluk aan Joggie en Nico vir hierdie besondere prestasie wat nie maklik oortref gaan word nie. Hierna volg Eandro Lottering (2 bulle van N\$ 43 000; Namibia Genetics), Hardus en Ansie Breedt (2 bulle van N\$ 37 000; Namibia Genetics), Bertus Calitz (3 Charolais bulle van N\$ 35 000; Namibia Genetics), Ulla van Biljon (3 Simmentaler bulle van N\$ 34 666; Northern Select), Sigi Wilkens (9 Limousin bulle van N\$ 33 222; Central Select), Diethelm Metzger (17 Simbra bulle van N\$ 31 382; Central Select), Cobus van der Merwe (15 Brahman bulle van N\$ 31 200; St Blaize Brahman produksieveiling), Kasper Gunzel (4 Brahman bulle van N\$ 31 000; Otavi Star Bull Auction) en Dr Otto Herrigel (3 Simmentaler bulle van N\$ 30 333; Khomas Gesamentlike Produksieveiling).

Die eerste Hartebeestloop Bonsmaraveiling van Dr Joggie Briedenhann op sy plaas is 'n gebeurtenis wat lank onthou sal word. Nie alleen was die veilingresultate voortreflik nie, die insiggewende lesings wat die vorige dag aangebied was, was ewe-eens interessant en leersaam. Die professionele aanbieding van die boeredag en die veiling was indrukwekkend. Huidiglik is daar 'n geweldige behoefte aan wetenskaplike en praktiese inligting by stoettelers, kommersiële - en ontlukende produsente. Dit wat deur Hartebeestloop Bonsmaras in die bedryf ingeplou en belê word is prysenswaardig en word deur die landbougemeenskap waardeer.

Die prestasie van die wit Brahmane tydens die Windhoek skou en ander veilings is ewe indrukwekkend. Top kwaliteit bulle is aangebied en die pryse wat behaal is beklemtoon dit. Om die duurste bul van

N\$ 170 000 van die hand te sit en die meeste bulle (248) te verkoop vir 'n gemiddeld van N\$ 24 060 is 'n besondere prestasie. Baie geluk aan al die Brahman telers.


Vir die eerste keer is daar in die Agra/Bank Windhoek Ring 'n aandveiling deur die Superior Genetics groep telers aangebied. Die Ring was bykans stampvol, 85 potensiële kopers het geregistreer en slegs 5 van die 59 bulle wat aangebied is, is nie verkoop nie. Baie mense het slegs die veiling kom bywoon om die aand na werk 'n bietjie uit te span en die veiling te geniet. Verder is die aand gekenmerk deur 'n aangename atmosfeer wat tot aan die einde van die veiling geheers het. Baie geluk aan dié groep telers met 'n uiters suksesvolle poging.

Tydens die Brahman Nasionale veiling het Wilson Mberirua 'n beproefde stoetbul by Hagen Eggert vir die bedrag van N\$ 76 000 aangekoop. Wilson is een van die nuwe telers wat baie entoesiasies is oor stoetteling en ook 'n langtermyn teeldeelwit het. Voorspoed word hom toegewens met seker een van die beste Brahman bulle in die bedryf as toevoeging tot sy stoet.

Opsommend is die stoetveilings deur die volgende tendense gekenmerk:

- Brahman, Bonsmara en Simmentaler bulle bly steeds die populêre keuses by kommersiële produsente wat dié rasse hoofsaaklik in tweeras-rotasiekruisteling asook suiwerteling stelsels aanwend.
- Rekord gemiddelde pryse is weer eens behaal.
- Die kwaliteit van diere aangebied was beter as die vorige jare.

### Beesgetalle per jaar bemark



- Die aanvraag na meerderwaardige genetiese materiaal styg elke jaar soos wat telers se teeldeelwitte aangepas word.
- Die waarde van kwaliteit kuddebulle word al meer deur kommersiële produsente besef wat reeds gunstige resultate ervaar.
- Katalogusse raak meer volledig en kopers gebruik dit al meer intensief om die keuse van aankope te maak.
- Telers maak al groter bydrae om vir potensiële kopers 'n aangename ervaring by stoetveilings te bied.


#### Uitdagings aan die stoetbedryf:

- Daar rus steeds 'n verpligting teenoor elke produsent om 'n program van bosbestryding toe te pas. Die natuurlike hulpbron bly steeds die goedkoopste voedingsbron vir diere en daarom is veldherwinning 'n prioriteit.
- Verhoog die drakrag en produktiwiteit van bestaande gronde deur die aanplant van voergewasse of die vestiging van aangeplante weidings.
- Organiese veeboerderypraktyke moet meer aandag geniet.

- Namibië is 'n land van omgewingsuiterstes en daar moet dus 'n balans tussen produksie-omgewing en markbehoefes verkry word. Teel funksioneel doeltreffende, geharde en vrugbare diere wat onder die Namibiese beesboerderytoestande sal gedy.
- Handhaaf goeie betrekkinge met u werknemers. Verhoog hulle vermoëns en effektiwiteit deur die bywoning van opleidingskursusse. Bekwame en gemotiveerde werkers bevorder doeltreffende kudde- en algemene plaasbestuur.
- Meer aandag sal aan gesondheidsinligting by veilings gegee moet word. Te veel insidente vind by veilings plaas waar vrugbaarheid- en of dragtigheidsertifikate nie op die dag van die veiling beskikbaar is nie. Hierdie jaar sal die indiening van beide bogenoemde sertifikate sowel as algemene gesondheidsinligting tydens veilings verpligtend wees.
- Moenie bulle te lank en te veel pamperlang nie. Onthou, as die bul by die nuwe eienaar land moet hy somtyds dadelik gaan werk. Kopers het nie baie sentiment aan bulle nie. Die argument is hy kos baie geld en moet dadelik aan die werk spring om sy geld te verdien. Adviseer kopers eerder om bulle op die korrekte wyse terug aan te pas op die veld.

Kiepv Lepen  
Bestuurder Grootvee-stoetveedienste

### Gemiddelde bulpryse (N\$)



### Opsomming van 2008 Bulveilings:

Veiling & Datum:	Ras:	Gem. Prys (N\$):	Aantal Verkoop:	Hoogste Prys (N\$):
<b>Windhoek Summer Sale</b> 14/02/08	Bonsmara	14 888	18	23 000
	Brahman	15 000	3	16 000
	Braunvieh	12 000	1	12 000
	Simbra	17 333	3	20 000
	Simmentaler	16 333	3	19 000
<b>H Mercker</b> 30/04/08	Santa Gertrudis	4 235	14	7 500
<b>T Lintvelt</b> 22/05/08	Brahman	12 320	32	25 000

to continue on page 6...

continued from page 5...

Veiling & Datum:	Ras:	Gem. Prys (N\$):	Aantal Verkoop:	Hoogste Prys (N\$):
<b>Hartebeestloop Bonsmaras</b> 29/05/08	Bonsmara	51 111	18	136 000
<b>Hochfeld Gesamentlike</b> 30/05/08	Brahman	18 166	6	23 000
	Hereford	15 000	1	15 000
	Simmentaler	23 285	7	35 000
<b>Northern Select Bull &amp; Female</b> 06/06/08	Brahman	24 724	29	40 000
	Simmentaler	19 000	6	24 000
<b>Nguni Nasionaal</b> 04/07/08	Nguni	20 444	9	33 000
<b>Neudamm</b> 11/07/08	Afrikaner	8 650	5	10 250
<b>Carla Meyer</b> 17/07/08	Simbra	26 000	13	70 000
<b>Oostelike Santa Gertrudis</b> 23/07/08	Santa Gertrudis	13 850	10	25 000
<b>N G O'Kennedy</b> 27/06/08	Bonsmara	11 587	16	18 900
	Braunvieh	9 900	1	9 900
<b>Noordelike Bulveiling</b> 30/07/08	Angus	12 000	1	12 000
	Brahman	20 600	5	28 000
	Simbra	20 000	2	22 000
	Simmentaler	24 200	5	30 000
<b>Noordelike Santa Gertrudis</b> 01/08/08	Santa Gertrudis	14 142	14	17 000
<b>Noordelike Bonsmara</b> 13/08/08	Bonsmara	17 829	22	26 750
<b>Brahman Nasionaal</b> 19/08/08	Brahman	29 882	17	76 000
<b>Simmentaler Nasionaal</b> 27/08/08	Simmentaler	27 166	6	30 000
<b>Namibia Genetics</b> 29/08/08	Afrikaner	21 000	2	22 000
	Angus	16 666	3	18 000
	Beefmaster	24 200	5	31 000
	Bonsmara	15 000	2	15 000
	Brahman	22 888	9	26 000
	Braunvieh	27 000	2	32 000
	Charolais	35 000	3	38 000
	Limousin	35 500	4	56 000
	Simbra	37 000	2	42 000
Simmentaler	26 250	4	39 000	
<b>Duikersvlei</b> 03/09/08	Bonsmara	20 000	1	20 000
	Brahman	18 333	3	20 000
<b>U Pack</b> 04/09/08	Brahman	23 375	19	39 000
<b>Eastern Genetics</b> 05/09/08	Bonsmara	21 083	12	33 000
	Charolais	22 500	2	24 000
	Limousin	29 000	1	29 000
	Simmentaler	21 000	5	37 000
<b>Stampriet Bulveiling</b> 05/09/08	Bonsmara	16 333	3	20 000
	Brahman	23 666	3	32 500
	Simmentaler	19 000	1	19 000

Veiling & Datum:	Ras:	Gem. Prys (N\$):	Aantal Verkoop:	Hoogste Prys (N\$):
<b>Central Select</b> 10/09/08	Brahman	18 777	9	30 000
	Limousin	33 222	9	44 000
	Simbra	31 382	17	62 500
	Simmentaler	25 631	19	44 000
<b>Bonsmara Nasionaal</b> 12/09/08	Bonsmara	29 826	23	56 000
<b>Superior Genetics</b> 17/09/08	Brahman	26 156	32	42 000
	Hereford	20 000	2	22 000
	Simmentaler	26 941	17	39 000
	Sussex	26 666	3	33 000
<b>L &amp; C van der Merwe</b> 19/09/08	Brahman	31 200	15	39 000
	Sussex	22 636	11	30 000
<b>E Hansen</b> 25/09/08	Bonsmara	18 608	23	28 000
<b>Windhoek Skou</b> 03/10/08	Brahman	63 727	11	17 000
	Brangus	18 000	1	18 000
	Braunvieh	28 000	2	28 000
	Charolais	20 000	1	20 000
	Limousin	31 000	1	31 000
	Simbra	38 000	3	60 000
	Simmentaler	29 125	8	52 000
<b>R &amp; M Rusch</b> 07/10/08	Brahman	18 333	3	20 000
	Simmentaler	22 571	14	29 000
<b>Hochfeldstreek Bonsmaras</b> 08/10/08	Bonsmara	17 363	11	23 000
<b>Paresis Gesamentlike</b> 10/10/08	Bonsmara	25 750	4	32 000
	Limousin	18 500	2	22 000
	Simbra	25 750	4	35 000
	Simmentaler	22 500	6	36 000
<b>Hochfeld Gesamentlike</b> 14/10/08	Bonsmara	23 857	7	28 000
	Brahman	23 375	24	31 000
	Braunvieh	21 000	2	21 000
	Hereford	21 500	2	23 000
	Limousin	20 000	1	20 000
	Simmentaler	22 200	10	28 000
<b>Khomas Gesamentlike</b> 17/10/08	Bonsmara	21 125	8	34 000
	Braunvieh	31 000	1	31 000
	Simbra	26 833	6	35 000
	Simmentaler	30 333	3	40 000
	Sussex	22 000	1	22 000
<b>Sentrale Bonsmara</b> 24/10/08	Bonsmara	20 545	11	33 000
<b>Northern Select</b> 31/10/08	Brahman	25 214	28	40 000
	Simmentaler	25 875	8	38 000
<b>Westelike Bonsmara</b> 12/11/09	Bonsmara	24 821	28	40 000
<b>Otavi Star Bull</b> 20/11/09	Brahman	31 000	4	36 000
	Gelbvieh	18 000	1	18 000
	Simmentaler	23 166	6	35 000

to continue on page 8...

continued from page 7...

Opsomming per ras van 2008 Bulveilings:

Ras:	Aantal Verkoop:	Gem. Prys (N\$):	Hoogste Prys (N\$):	Duurste Prys Gekoop (Koper):	Duurste Prys Verkoop (Teler):
Afrikaner	7	12 178	22 000	Onganja Hunting	F E C Gaerdes (Namibia Genetics Veiling)
Angus	4	15 500	18 000	Ministry of Agriculture	G J G Vermeulen (Namibia Genetics Veiling)
Beefmaster	5	24 200	31 000	J J Izaaks	R & W v/d Merwe (Namibia Genetics Veiling)
Bonsmara	208	24 060	136 000	H P Deloch	Dr J Briedenhann (Hartebeestloop Veiling)
Brahman	248	24 960	170 000	A X Compion	K I Günzel (Skou Veiling)
Brangus	1	18 000	18 000	Farm Gute Hoffnung	T Cocklin (Skou Veiling)
Braunvieh	9	22 766	32 000	Riet Farming	L de Jager (Namibia Genetics Veiling)
Charolais	6	28 333	38 000	Mev W Louw	J A Calitz (Namibia Genetics Veiling)
Gelbvieh	1	18 000	18 000	H K E von Leipzig	W A Falk (Otavi Star Bull Veiling)
Hereford	5	19 600	23 000	H W Eichhoff	H Kebbel (Hochfeld Ges. Veiling)
Limousin	18	31 000	56 000	S Baas	E Lottering (Namibia Genetics Veiling)
Nguni	9	20 444	33 000	Blueview Holdings	H E D Schmidt von Wühlisch (Nguni Nasionale Veiling)
Santa Gertrudis	38	10 415	25 000	B A Human	M C Human (Oostelike Santa Gertrudis)
Simbra	50	28 303	70 000	C Urib	Mev C Meyer (Veiling van Carla Meyer)
Simmentaler	128	25 359	52 000	M J van Zyl	S W Martin (Skou Veiling)
Sussex	15	23 400	33 000	W Bader	C v/d Merwe (Superior Genetics Veiling)



# AGRA HEADS FURTHER NORTH WITH AUCTIONS

The state of the art auction facility at the newly developed Oshakati Trade Center was the ideal venue to host the second commercial livestock auction in Oshakati north of the veterinary cordon fence. This auction that took place on 23 January in Oshakati is part of Agra's plans to extend the area of livestock auctions into the northern communal areas even further, aiming at the sale of livestock in the area but also into Angola.

A total of 134 cattle, as well as sheep, goats and pigs were sold; the cattle selling for an average price of N\$4 500. "Providing an opportunity for local people to sell their surplus stock, supplying local people with slaughter animals and creating a market for breeding stock like heifers and young bulls are made possible through these auctions" said Mr. Pieter Hugo. Animals from both sides of the veterinary cordon fence are sold. The quality of animals remains important, according to Mr Hugo.

"Young animals in good condition that are dehorned, castrated and well branded without being mutilated and emaciated, will always fetch better prices"




Agra plans this as a monthly event at Oshakati, aiming to sell about 300 heads of cattle and 100 small stock every month.

(E)

Frans Steyn, Agra auctioneer and Wulf Halberstadt, livestock agent for Grootfontein and Northern communal areas on the auctioneer stand of the auction facility at the newly built Oshakati Trade Centre





Figuur 2: Die verspreiding van Namibië se gemiddelde reënval (bron: Mendelsohn, 2003), wat nou met bosdigtheid gekorreleer is

As bosse beheer en bosdigtheid verlaag word, verhoog die grasproduksie en dus uiteindelik die drakrag van 'n plaas geweldig. Gewoonlik is grasproduksie na bosbeheer twee tot agt keer hoër as voor bosbeheer (Smit, 2003). Bly dit egter by eenmalige beheer, is die voordeel van korte duur. Die aanvanklike beheer moet met nasorgbeheer opgevolg word, en bosbeheer behoort deel van stelselmatige boerderybestuur te word. Die beste sou egter wees as die veldbestuur wat oorspronklik tot bosindringing aanleiding gegee het, onder andere die feitlik volkome uitsluiting van warm veldbrande en die wanbenutting van die graslaag, aangepas word. Een van die mees algemene maniere om bos te beheer is met chemiese middels, wat in hierdie en volgende maand se *Ring* bespreek gaan word. Ongelukkig is geen nasionale statistiek oor die gebruik van chemiese boom- en bosdoders beskikbaar nie omdat sulke middels slegs by die Registrateur geregistreer hoef te word. Daarna oefen die regulatoriese gesag geen verdere beheer oor die middels uit nie en is die aanwending daarvan volkome die verantwoordelikheid van die gebruiker, die boer. Dit is dus gebiedend noodsaaklik dat die boer goed ingelig is en goeie toesig oor en beheer van die proses het.



Foto 3: Té veel bosse trek só baie water uit die grond dat grasse nie meer daar kan groei nie. Dan bly die grond selfs in die middel van die reënseisoen kaal en onproduktief.

to continue on page 12...

## Onkruidodders

Chemiese stowwe wat plante doodmaak staan algemeen as onkruidodders (“herbicides”) bekend. Onkruidodders wat houtagtige plante doodmaak staan as boom- en bosdoders (“arboricides”) bekend. Wêreldwyd bestaan meer as 150 verskillende soorte onkruidodders en elke jaar word twee of drie nuwes ontwikkel. Baie van hierdie onkruidodders kan houtagtige plante doodmaak maar word nie vir hierdie doel aanbeveel nie omdat dit te moeilik beheerbaar is en te groot ekologiese skade kan aanrig as dit oor groot oppervlaktes aangewend word.

Onder geen omstandighede moet industriële onkruidodders wat nie vir boom- en bosbeheer aanbeveel is, aangewend word om bosindringing te beheer nie omdat ongewenste nagevolge, besoedeling en siektes kan intree. Gebruik slegs daardie onkruidodders wat wel vir boom- en bosbeheer aanbeveel word.

Onkruidodders kan in drie groepe ingedeel word volgens hulle effek op plante. **Kontakonkruidodders** maak alle plante waarmee hulle in aanraking kom, dood. Dit is meesal klassieke gifstowwe wat 'n relatief kort nawerking het. **Sistemiese onkruidodders** moet eers deur die plant se blare, wortels of stam opgeneem word voordat hulle hulle dodelike werking binne-in die plant se metabolisme uitoefen. **Grondsteriliserende onkruidodders** het 'n lang nawerking in die grond en verhoed dat plante in daardie tyd op behandelde grond kan groei. Meeste boom- en bosdoders val in die laaste groep maar werk ook soos sistemiese onkruidodders. Die term “steriliseer” het egter net betrekking op plante en nie op grondmikrobes en grondlewende hoër diere nie.

## Boom- en bosdoders is nie bosgiwwe nie

Vir grootskaalse beheer van bome en bosse in natuurlike veld word veral twee soorte onkruidodders gebruik, naamlik dié wat soortgelyk aan die plant-groeihormoon oksien 'n plant wild en onbeheerbaar laat groei (“auxin mimic”) en dié wat fotosintese inhibeer. In albei gevalle is die werking sistemies (binne-in die plant se sisteem) en sterf die houtagtige plant as't ware aan uitputting van sy energiereserwes (koolhidraat) en nie aan vergiftiging as sulks nie. Dit is dus onwaar om van 'n “bosgif” te praat want die bosdoders vergiftig nie die plant nie. In die geval van oksien-nabootsers groei die plant homself letterlik dood omdat die vinnige en ononderbroke groei sy koolhidraatreserwes vinniger uitput as wat dit aangevul kan word. Die fotosintese-inhiberende middels veroorsaak herhaalde siklusse van blaarval- en hergroei totdat die energiereserwes van die plant uitgeput is. Die blaar is natuurlik die orgaan waarin fotosintese in houtagtige plante plaasvind.

Dit is waarskynlik takties ook wys om van “bosdoder” eerder as van “bosgif” te praat en nie net omdat dit tegnies korrek is nie. Wat as Namibië se buitelandse kliënte van bees- en skaapvleis te hore kom dat ons op groot skaal bos“gif” in die omgewing uitstrooi, sommer uit vliegtuie? Hulle onmiddellike reaksie kan wees om alle invoere van Namibiese bees- en skaapvleis te verbied en ons landbouers sal in groot nood wees. Sit dus 'n wag voor die mond, noem die ding op sy naam en vermy terme soos “bosgif” of “gifsous” voor ons onself in die voet skiet!

## Aktiewe, bosdodende bestanddele

Die chemiese stof wat die houtagtige plant so uitput staan as die “aktiewe bestanddeel” bekend. Die meeste aktiewe bestanddele word in die plant se groeiproses opgebruik en as die plant afsterf, is daar ook niks meer van oor, sodat daar min gevaar van residuele besoedeling bestaan. Omgewingsbesoedeling ontstaan as meer van die bosdoder toegedien word as wat nodig is en daarvan oorbly nadat die plante doodgemaak is, of as die bosdoder van die plant weggespoel of weggewaai word voordat dit opgeneem kan word. Sorgvuldige plasing van die middel wanneer dit nie reën en die wind nie sterk is nie is dus noodsaaklik om omgewingsbesoedeling te voorkom. Boere moet ook nie meer van 'n bosdoder toedien as wat op die instruksies aangegee word nie omdat dit onbedoelde newe-effekte mag hê, bv. op nie-teikenplante of op ondergrondse water.

## Ouksien-nabootsende bestanddele

Die aktiewe chemiese bestanddele in boom- en bosdoders wat die plantgroeihormoon oksien naboots en die plant deur oormatige en onbeheerde groei dood, is picloram en triclopyr. Van die handelsname waaronder hierdie bosdoders verkoop word, is “Plenum”, “Tordon” (bevat pikloram), “Garlon”, “Confront”, “Triclon” en “Viroaxe” (bevat triclopyr). “Access” en “Tordon Super” bevat 'n mengsel van picloram en triclopyr in 'n poging om elke bestanddeel se inherente swakheid te oorkom. Picloram en triclopyr maak hoofsaaklik hout- en kruidagtige breëblaarplante dood maar het geen of min uitwerking op grasse. Daarom word hulle soms “selektiewe” bosdoders genoem, al maak hulle honderde soorte houtagtige plante dood.

Hierdie twee chemiese bestanddele is wateroplosbaar en bind nie vas aan grondpartikels nie. Hulle loog dus vinnig uit die grond, beland gou-gou in grondwater en versprei daarvandaan om op onverwagte plekke plante dood te maak. Bosdoders wat hierdie bestanddele bevat moet dus glad nie op die grond toegedien word nie, maar slegs op blare en stamme gespuit of vir stompbehandeling gebruik word. Hierdie middels moet nie naby riviere gebruik word nie anders sal die pragtige rivierwoud stroomaf gedood word. Die konsentrasie wat benodig word om verskillende bosse en bome te dood hang af van die plantspesie en beste resultate word verkry wanneer die middel tydens plante se aktiewe groeiseisoen toegedien word. Aangesien die soutformulering wateroplosbaar is, moet dit nie op reënnat blare of kort voor verwagte reën toegedien word nie, anders word dit van die blare gespoel, deur die reënwater versprei en veroorsaak chaos. Picloram en triclopyr bly in behandelde blare teenwoordig totdat die blare op die grond ontbind. Dit kan dus deur blaarvretende diere ingeneem word maar die letale (dodelike) dosis is so hoog dat wild en vee nie daardeur vergiftig word nie (Emmerich, 1985).

Picloram en triclopyr word in die VSA as “min giftig” vir hoër landlewende werwelidre gereken maar is baie giftig vir waterlewende diere, gewerweld (bv. visse) en ongewerweld (bv. waterinsekte; naaldekokers). In die mens veroorsaak triclopyr moontlik kanker maar navorsingsresultate is teenstrydig en daarom word dit in die VSA as 'n vermybare stof geklassifiseer waarvan die kankerwekkende uitwerking op die mens nog onbekend is. Picloram veroorsaak egter nie kanker nie. Albei stowwe is potensieel skadelik, veral as hulle in die oë spat, en gebruikers moet die veiligheidsmaatreëls en aanwendingsvoorskrifte

continued from page 12...

op die middels se etikette streng nakom om die gesondheidsgevaar vir mens en dier so klein as moontlik te hou. Albei stowwe word redelik vinnig deur grondmikrobes en sonlig vernietig en hulle halflewe, waarna 50% van die stof nog bestaan, is gewoonlik korter as drie maande.

#### 'n Ongelukkige geskiedenis

Picloram en triclopyr word gereeld met die aktiewe bestanddele 2,4-D en 2,4,5-T, wat van die oudste onkruidodders is, gemeng om die doodmaakeffek op houtagtige plante te verhoog. Tot relatief onlangs, omtrent die 1980's, kon die laasgenoemde twee bestanddele net gemaak word in 'n proses wat dioksien gebruik en het die gemengde produk dus ook klein hoeveelhede dioksien bevat. Dioksien is uiters dodelik vir hoër wereldiere en die mens en veroorsaak in klein konsentrasies misvormde babas en verhoogde voorkoms van kanker. 2,4-D was die hoofbestanddeel van die berugte Agent Orange waarmee die Amerikaners die Vietnamese oerwoud uit die lug ontblaar het om die vyand beter te kan sien. Die Vietnamese ly tot vandag toe aan die nagevolge daarvan, veral kinders wat misvorm en met afwykings gebore word. Vandag word 2,4-D met 'n nuwe chemiese proses vervaardig wat dioksienbesoedeling absoluut uitsluit en is 2,4-D veilig vir gebruik. Dit word dus steeds by picloram- en triclopyr-bevattende middels gevoeg maar sonder die eertydse vergiftigingsgevaar. Dit is egter steeds onmoontlik om 2,3,4-T sonder dioksien te vervaardig en dus is hierdie bestanddeel in die westerse wêreld verbode en van die mark onttrek.

Hierdie onsmaklike geskiedenis is nie bedoel om paniek te saai maar om mense oordeelkundig te laat optree. Nie al die lande in die wêreld het so 'n deeglike regulatoriese raamwerk soos die VSA en Europa nie. Ons eie land, Namibië, reguleer slegs die bedryf deur boom- en bosdoders toe te laat (te registreer) of nie toe te laat nie. Daarbenewens toets ons gewoonlik nie die gesondheidsimpak van die middels nie maar gaan op ander lande se aanbevelings. Gebrek aan regulatoriese beheer tesame met ongebreidelde winsbejag is 'n resep vir moeilikheid! Boom- en bosdoders word baie goedkoop uit lande waar die regulatoriese raamwerk ook swak is ingevoer en op groot skaal in ons omgewing gebruik. Hoe veilig is sulke lande se goedkoop bosdoders? Gebruik hulle moderne of verouderde chemiese sinteseprosesse? Wie weet watter bymiddels by die goedkoop boomedders bygevoeg is en watter nuwe-effekte dit mag hê? Van hierdie lande het in die onlangse verlede melamien by poeiermelk vir babas gevoeg en wêreldwyd het honderde duisende babas daarvan siek geword en sommige het gesterf. Dit is wetens gedoen omdat melamien die proteïeninhoud van melk hoër laat toets en hierdie melk dus teen 'n hoër prys verkoop kan word. Hoe lyk u eie "risikoprofiel": is u bereid om met u kinders en kleinkinders se gesondheid te dobbel?

#### Fotosintese-inhibeerders

Die ander groep aktiewe bestanddele wat algemeen in boom- en bosdoders gebruik word, is bromacil, tebuthiuron en ethidimuron (ETD); in die handel verkrygbaar onder die name "Bromacil", "Hyvar", "Bushwhacker", "Brush-free" (bevat bromacil), "Spike", "Graslan", "Grazer", "Limpopo", "Molopo", "Reclaim" (bevat tebuthiuron) en "Ustilan" (bevat ethidimuron). Tebuthiuron is ook die hoofbestanddeel van die Chinese bosdoder wat deesdae goedkoop beskikbaar is. Hierdie bestanddele meng in met die fotosinteseproses in groen



Foto 4: Van die fotosintese-inhiberende boom- en bosdoders wat by AGRA winkels te kry is

blare en dood die plant deur uitputting van sy koolhidraatreserwes. Toenemend kry mens ook produkte wat 'n mengsel van hierdie aktiewe bestanddele bevat, bv. "Savanna" en "Bundu" wat beide bromacil en tebuthiuron bevat en dus meer doeltreffend teen meeste indringerbosse is (Foto 4). Die oksien-nabootsende en fotosintese-inhiberende bestanddele word egter nie gemeng nie omdat hulle werking en toegedieningsmetodes te veel verskil. Boere moet dus onder geen omstandighede hulle eie mengsels aanmaak nie en die voorskrifte van elke produk streng nakom. Niks kan so dodelik wees as 'n tuisgemengde "cocktail" nie!

Bromacil, tebuthiuron en ethidimuron word hoofsaaklik deur plantwortels opgeneem en na die blare getransporeer. In suidelike Afrika is hulle beskikbaar as droë korrels of pille wat onder teikenplante op die grond gestrooi word, of as 'n vloeibare spuitstof wat op die grond onder die teikenplant gespruit word. Oorsee is hierdie middels ook as blaarspuitstowwe beskikbaar, maar dan moet bymiddels bygevoeg word om die doeltreffendheid te verhoog. Grondtoediening vereis dat die aktiewe bestanddeel eers deur reën in die grond geloog word voordat plante die stof kan opneem en daarop reageer. Grondbehandeling kan dus voor die reënseisoen begin maar moet voor die einde van die reënseisoen gestaak word anders lê die middel te lank blootgestel op die grond en mag dit van sy trefkrag verloor omdat dit geleidelik deur lig en by hoë temperature afgebreek word. Alhoewel die halflewe van hierdie bestanddele baie lank is, langer as 18 maande in warm gebiede en op sanderige grond, is dit waarskynlik beter om die middel nie oor 'n winter op die grond te laat lê nie. Tebuthiuron is bekend vir sy veel langer halflewe en groter wateroplosbaarheid as bromacil, maar is ook minder doeltreffend teen sekelbos (*Dichrostachys cinerea*). Dit is dus absoluut noodsaaklik dat hierdie middels net daar geplaas word waar hulle moet werk en nie wyd en syd en veral nie naby boorgate, fonteine of vlak grondwater (bv. rivieroewers) nie. Moet ook nie die spuittoerusting in die tuin skoonwas nie want die groot tuinbome en mooi goudvissies sal dit glad nie waardeer nie! Elke middel het sy eie skoonmaak-instruksies op die gebruiksaanwysings wat noukeurig nagekom moet word om onbedoelde skade te voorkom.

Fotosintese-inhiberende bestanddele maak ook grasse dood en word dus "onselektief" genoem. Houtagtige plante is egter meer gevoelig vir hierdie aktiewe bestanddele as grasse en daarom word grasse óf net verswak óf hulle hergroeï weer vinnig na behandeling (Emmerich, 1985).

Hyvar en Ustilan is egter so gekonsentreerd dat hulle die grond vir tot drie jaar “steriliseer” en grasproduksie ernstig benadeel. Hulle moet dus uiters selektief geplaas word en nie breedwerpig toegedien word nie. Onthou ook die uitgebreide vlak wortelsisteme van ons bosveldbome. Hulle kan die gifstof van ver af gaan haal en dit is beter om minstens 65 m ver weg te bly van bosse en bome wat nie geteiken is vir beheer nie. Menigte aroe- en kameeldoringboom (*Albizia anthelminteca* en *Acacia erioloba*, onderskeidelik), wat besonder gevoelig vir hierdie aktiewe bestanddele is, het al gevrek omdat die bosdoder te naby aan hulle geplaas is. Dit word immers geskat dat sommige doringbome se wortels horisontaal sewe keer verder onder die grond strek as wat die boom hoog is (Prof. Nico Smit) of dat die wortels twee keer verder as die boom se kroondeursnee strek (Dr. Arno Moore). As hulle wortels onder die bosdoder-pil lê, dan gaan hulle ge-afekteer word al is hulle nie geteiken nie.

Bromacil, tebuthiuron en ethidimuron is ontwerp om deur reënwater in die grond ingespoel te word sodat die plantwortels dit kan opneem. Op sanderige grond wat maklik dreineer en waar die grondwater vlak is, kan dit dus maklik tot in die ondergrondse water geloo word. Daarom is die aanbeveling dat hierdie middels nie naby waterbronne, boorgate of vlak grondwater (bv. riviere) aangewend word nie. Die gevaar is nie soseer dat waterlewende diere gedood word nie, want slegs ethidimuron is giftig vir waterlewende organismes, maar dat die besoedelde water ander plante verder stroomaf of onder besproeiing kan doodmaak. Bome op die oewers van riviere is veral in gevaar.

Plante se verdraagsaamheid teenoor die aktiewe bestanddele bromacil, tebuthiuron en ethidimuron verskil en mens kan die doodmaakaksie effens manipuleer deur die dosis aan te pas. Oor die algemeen is witgatbome en noeniebosse (*Boscia* familie) minder gevoelig as doringbosse. Houtagtige plante met 'n vlak wortelstelsel is meer gevoelig as dié met diep wortelstelsels. Sekelbos (*Dichrostachys cinerea*) is meer gevoelig vir bromacil as vir tebuthiuron, om welke rede gemengde produkte soos “Savanna” vir sekelbosbeheer aanbeveel word. Die dosis hang egter ook af van die hoogte van die bos of boom en die soort grond waarop die plant groei, veral die klei-inhoud, organiese materiaal-inhoud en suurheidsgraad (pH) van die grond. Kalibreer die dosis presies volgens die gebruiksaanwysings, want hoe meer bosdoder uitgeplaas word, hoe meer is oor nadat die teikenplante reeds gesterf het en beskikbaar om onbedoelde skade te veroorsaak. Hou toesig oor die proses van meng, uitplaas en skoonmaak van toerusting. Beskerm die mense wat die middels uitplaas met die regte soort beskermende klere, soos op die gebruiksaanwysings aanbeveel.

Droë bromacilprodukte is nie giftig vir mens en dier nie maar nat produkte is wel effe giftig, veral as hulle in die oë spat, asook vir visse, voëls en bye. Dit veroorsaak nie kanker nie en die letale dosis wat benodig word om 50% van diere te dood, is baie hoog, dus is die giftigheid baie laag. Bromacil word in die plant opgebruik en word vernietig deurdat dit eenvoudig in die omgewing verlore raak (“dissipation”). Tebuthiuron is ook nie giftig vir hoër werwelidiere en die mens nie omdat dit vinnig deur die niere uitgeskei word, maar wel vir kleiner werwelidiere. Tebuthiuron en ethidimuron word deur grondmikrobes en lig afgebreek, maar baie stadig. Ethidimuron het 'n ongelukkige geskiedenis omdat daar aanvanklik nie genoeg oor sy giftigheid en ekologiese effek bekend was nie. Australië het ethidimuron-bevattende produkte se registrasie in 1994 opgehef nadat dit onheil in die natter, tropiese dele veroorsaak

het. Sedertdien is bevestig dat ethidimuron baie giftig is vir waterlewe maar slegs effe giftig vir soogdiere en nie-giftig vir bye. Dit word nou weer toegelaat maar nie naby water nie.

#### Ander onkruidodders vir bosbeheer

“Touchdown” is 'n industriële onkruidoder wat toenemend vir stompbehandeling en blaarbespuiting gebruik word. Dit bevat 'n aktiewe bestanddeel wat in geen ander bosdoder gebruik word nie, naamlik glifosaat. Glifosaat is 'n kontakgif wat alle plante doodmaak waarmee dit in aanraking kom en is die hoofbestanddeel van 'n onselektiewe onkruidoder soos “Roundup”. Dit word glad nie vir bosbeheer op groot skaal aanbeveel nie weens sy onselektiewe werking. Daarenteen kan die nie-selektiewe onkruidoder “Arsenal”, waarvan die aktiewe bestanddeel imazapyr is, wel aanbeveel word vir die oopsluit van lyne, korridors en kampdrade. Imazapyr dood meeste plante behalwe peulplante, waarvan die wortels dit weer kan uitskei, sodat groot doringbome wat in die korridors groei, die spuitproses gereedlik oorleef. Daarbenewens word imazapyr redelik vinnig in die grond deur mikrobes afgebreek en is nie baie giftig vir mens, dier, vis en waterplante nie.

#### Bymiddels

Verskeie bymiddels of bevorderingsmiddels (“adjuvants”) word by baie van die aktiewe bestanddele gevoeg om hulle doeltreffendheid te verhoog of om hulle veiliger te maak. Blaarbenatters en skuimmiddels verhoog die opname van aktiewe bestanddele deur blare wat deur 'n waslagie beskerm word (bv. in mopanibome). Van die aktiewe bestanddele moet in oplosmiddels aangemaak word of vorm emulsies in olie en diesel. Bygevoegde kleurstowwe maak dit makliker om te sien waar die middel uitgeplaas is. Oor die algemeen is die bymiddels nie giftig nie en veroorsaak nie 'n ekologiese probleem nie. Bymiddels wat met opset by boom- en bosdoders gevoeg word is egter nie dieselfde as onsuiverhede wat tydens die sintese-proses ontstaan en potensieel gevaarlik kan wees. Hieroor is baie minder bekend en veiligheidshalwe behoort die middels van betroubare vervaardigers wat aan streng toetse en regulasies onderworpe was, gebruik te word om die risiko van onbekende nadele te verminder.



Foto 5: Chemiese boom- en bosdoders kan 'n verbosde plaas met 'n lae drakrag en verminderde biodiversiteit in 'n produktiewe boerdery-eenheid met baie verskillende lewensvorms en 'n gesonde watersiklus verander mits dit reg bestuur word.

to continue on page 16...

continued from page 15...

#### Die menslike faktor in chemiese bosbeheer

Chemiese boom- en bosdoders is slegs hulpmiddels wat mense gebruik om plantegroei te manipuleer en om bebosde veld weer in 'n oper kondisie met 'n meer produktiewe graslaag te kry (foto 5). Die Namibiese gebruiker van bosdoders, die boer, is uiteindelik die mees belangrike faktor wat gaan bepaal watter plant gaan leef en watter plant gaan sterf. Soos uit die bogenoemde afgelei kan word, is alle boom- en bosdoders wat in Namibië toegelaat word tot 'n mindere of meerdere mate onselektief in hulle doodmaakaksie en bepaal veral hulle plasing watter plante gaan sterf. En die mens is in beheer van plasing; die mens soek die punt uit waar die bosdoders geplaas gaan word. Daar rus dus 'n besondere verantwoordelikheid op die boer om seker te maak dat die bosdoder wat gebruik word, maksimale voordele en minimale ekologiese nadele inhou. Daaroor meer in April se *Ring*.

Die mens is ook verantwoordelik vir sy eie beskerming teen vergiftiging. Mense wat boom- en bosdoders hanteer moet nie-absorberende beskermende oorklere en stewels dra asook gasmaskers en oogbeskermende veiligheidsbrille. Verantwoordelike toesig moet oor die uitplaasproses gehou word. Die middels moet veilig en verkieslik in 'n afsonderlike "gifstoor" bewaar word. Veiligheidsmaatreëls soos deur die vervaardiger op die gebruiksaanwysings uiteengesit moet noukeurig nagekom word ter wille van die gebruiker se eie veiligheid en die beeld van die Namibiese vleisbedryf in die buiteland.

#### Nota oor verwysings:

Hierdie artikel is nie bedoel om 'n navorsingsartikel te wees nie maar 'n maklik leesbare inligtingsartikel. Gedetailleerde verwysings is dus tot 'n minimum beperk. Die meeste inligting oor middels is direk uit hulle "fact sheets" betreffende "herbicide mode of action" of hulle "herbicide classification" ontnem en uit publikasies soos:

De Klerk, J.N., 2004. *Bush Encroachment in Namibia*. Report on Phase 1 of the Bush Encroachment Research, Monitoring and Management Project, Ministry of Environment and Tourism, Windhoek, Namibia.

Emmerich, W.E., 1985. Tebuthiuron – environmental concerns. *Journal of Rangelands* 7(1): 14-16.

Smit, G.N., 2002. The importance of ecosystem dynamics in managing the bush encroachment problem in southern Africa. Inaugural lecture, University of the Free State, Bloemfontein, South Africa.

Smit, G.N., 2003. The importance of ecosystem dynamics in managing the bush encroachment problem in Southern Africa. Proceedings of the VIIIth International Rangelands Congress p. 14-22, 26 July – 1 August 2003, Durban, South Africa.

Tu, M., C. Hurd & J.M. Randall., 2001. *Weed Control Methods Handbook: Tools and Techniques for Use in Natural Areas*. The Nature Conservancy, UC Davis, USA.

Dr Axel Rothauge  
Spesiale Projekte-konsultant



"Skakel ons gerus."



Agra verbind hom daartoe om 'n landswyse goeie dienservaring aan ons kliënte te bied en die implementering van 'n kliëntedienslyn is die eerste stap in die vestiging van ons kliëntedienseenheid.

Hierdie kliëntedienslyn bied aan u die geleentheid om u ervaring van Agra se diens met ons te deel. Toegewyde personeel sal met u kommunikeer, probleme en oorsake van probleme identifiseer, oplossings vind en implementeer. Skakel ons gerus en help ons om die beste diens aan u te bied sodat Agra u eerste keuse sal wees.



Vir meer inligting: (061) 290 9111, marketing@agra.com.na, www.agra.com.na

# VACCINATION FAILURES

## ANIMAL HEALTH



This article is a direct sequel to the article on Immunology and Vaccines, published in the February 2009 edition of the Ring. It is therefore assumed that the reader is familiar with the definitions and explanation of basic concepts contained in that article.

If a vaccinated animal contracts the disease despite having been vaccinated against it, this is called vaccination failure. No vaccine will afford 100% immunity in all the vaccinated animals, since not all animals react optimally to the immunization. It must be emphasized that the mere fact that a vaccine has been administered to an animal is no guarantee for protection. There are many reasons for complete or partial vaccination failures, resulting only in a poor immunity or complete absence of immunity. Problems can be attributed to the administration of the vaccine, the vaccine itself or the animal. A thorough knowledge of the possible causes of vaccination failure and the will to prevent them is a prerequisite for achieving the best possible results with any vaccination program.

### a) Problems associated with the administration of the vaccine (Human factors)



Preparing a vaccine

1) Incorrect Dose: If the dose of vaccine is below the prescribed dose, either deliberately to save money or inadvertently as a result of malfunctioning automatic syringes, animals will develop a poor immunity.

2) Incorrect Age: If young animals are vaccinated too early, the passive maternal immunity may interfere with the vaccination, resulting in a weak or no immune response. Recent information, however, suggests that this is not absolute in all cases, and that young animals can be vaccinated very early in life, depending on the type of antigen and the presentation of the antigen. If a newborn has not received any colostrum, it needs to be vaccinated at a very early age (earlier than 8 weeks), due to the absence of passive immunity. The birth process has a negative effect on the immune system due to corticosteroid release and the newborn calf has increased numbers

of Suppressor T-cells. This together with other factors decreases the systemic immune response for the first week of life and vaccination at that time, the first week of life, serves no purpose.

3) Vaccination during Disease Outbreak: There may have been insufficient time for the development of an immunity during a disease outbreak, resulting in some animals still contracting the disease.

4) Failure to administer a Booster Vaccination: Many vaccines require a booster vaccination after 3 – 4 weeks, and failure to do so, will result in vaccination failure, due to low antibody levels. For most diseases annual booster vaccinations are also required to ensure that the level of immunity is high enough.

5) Live Bacterial Vaccines and Antibiotics: If antibiotics are administered simultaneously with vaccines containing live bacteria, like Anthrax and Brucella abortus, these bacteria will be killed by the antibiotics resulting in a poor immune response. The minimum withdrawal period in this respect is 3 days, but longer for long acting antibiotics.

6) Vaccines and Corticosteroids (cortisone): Since corticosteroids suppress the immune system, they should not be administered together with vaccines.




Never mix different vaccines in the same syringe

Never mix vaccines with other drugs

7) Disease incorrectly diagnosed: If an incorrect diagnosis of a disease is made during an outbreak, the wrong vaccine will be used, leading to vaccination failure.

### b) Problems associated with the vaccine (Vaccine factors)

1) Expired vaccine: The efficacy of a vaccine deteriorates after the expiry date, and may no longer produce a good immune response. Expired vaccines should not be used any more.



Don't use expired vaccines

2) Insufficient mixing of vaccine: This may result in insufficient absorption into the bloodstream and processing of the antigen by the immune system.



3) Damaged vaccine: Vaccines are seriously damaged by high temperature, sunlight and freezing and will become useless and should no longer be used. Maintenance of the cold chain is absolutely vital to prevent vaccination failure.

4) Vaccines incorrectly reconstituted: If the instructions for the correct reconstitution of certain vaccines have not been followed, that vaccine is not effective and should not be used.

### c) Problems associated with the Animal (Animal factors)

1) Condition: Animals that are in poor condition, are suffering from protein, vitamin and mineral deficiencies, other diseases or heavy internal or external parasite infestation will not develop a good immunity after vaccination.

2) Overwhelming Infection: If the immune system is exposed to a massive amount of infectious organisms, it may simply be overwhelmed and not able to protect the animal against the disease.

3) Non-responsive Animals: A certain small part of any group of animals may naturally not respond to a vaccination and contract the disease.

4) Stress factors: Stress can adversely affect the immune system and lead to its suppression. This in turn leads to a weak immune response after vaccination. At the time of vaccination stresses like castration, dehorning, weaning, etc. should be avoided.

5) Immuno-suppressive diseases: Certain infectious diseases are known to suppress the immune system. Infection with any of these will weaken the immune system to such an extent that the animal becomes susceptible to other infections. It can also lead to vaccination failure, should the animal be vaccinated. Examples of immunosuppressive diseases include Bovine Virus Diarrhoea / Mucosal Disease (BVD/ MD)

The finger is sometimes pointed immediately at the manufacturer for having supplied a faulty product, or product of inferior quality in case of vaccination failure. Looking at the above list of possible causes, it is very obvious, that these need to be excluded first, before we can assume that the problem lies with the manufacturer.

### Routes of administration of vaccines

1. **Subcutaneous injection**: This is the most common method for nearly all vaccines administered to production animals.
2. **Intramuscular injection**: less common. Used for vaccines that cause lumps when injected subcutaneously, or which are better absorbed intramuscularly, like Tetanus, Equine Influenza and Equine Herpes Virus vaccine in horses, Anaplasmosis, African Redwater and "Cattlemaster 4" vaccines in cattle and Rabies vaccines. Some vaccines may be given either by the intramuscular or subcutaneous route.



Intramuscular vaccination

3. **Intradermal injection**: Small amounts of vaccine 0,1 or 0,2 ml are sometimes injected into the skin, for example "Pastvac" (Intervet), used only to vaccinate feedlot cattle against pasteurellosis, at processing.
4. **Intravenous injection**: For example Heartwater vaccine. This must be given by slow intravenous injection.
5. **Intranasal sprays or drops**: Certain poultry vaccines are administered through the nostrils, to be absorbed by the mucous membranes as a spray or spraying in the air in poultry houses, as well as certain cat and dog vaccines. These are mainly vaccines against respiratory tract diseases.
6. **Oral vaccination**: Certain poultry vaccines are administered via the drinking water. This is a practical method to administer vaccines to large numbers of birds. It is important to take note that live viral vaccines will be inactivated within a few hours in the water and that chlorine contained in municipal water will inactivate live viral vaccines as well.
7. **Conjunctival vaccines**: In the form of eye drops for certain poultry vaccines. Again, certain vaccines, like some Newcastle Disease vaccines can be administered by different routes, like eye drops, sprays or via the drinking water.
8. **Scarification**: This method consists of scratching the skin with a sharp object like the tip of a hypodermic needle or scalpel blade and rubbing a drop of vaccine into the wound, e.g. Fowl Pox and Orf vaccine.

Dr Rainer Hassel  
Animal Health Consultant



# VRAE EN ANTWOORDE

	Shares N\$	Loan N\$
Ordinary shares	0,00	
Bonus shares	0,00	
Member's loan account 31 July 2008		0,00
Bonus allocation for the year 2007/2008		0,00
<b>Total shares and member's loan</b>	<b>0,00</b>	<b>0,00</b>

Ons ontvang dikwels vrae van Agra-lede rakende die winsdeling/toedeling van bonusse. Met die korrespondensie wat na lede gestuur is saam met verlede jaar se winsdeling het die vraag ontstaan wat die betekenis is van die woord "loan". Die toedeling aan elke lid is onder hierdie kolom aangedui.

'n Gedeelte van die wins wat Agra gedurende die finansiële jaar behaal, word aan Agra-lede toegedeel. Die raad maak 'n voorstel aan die jaarvergadering rakende die wyse waarop die toedeling sal geskied. Jaarvergadering besluit dan of die geld in kontant aan lede uitbetaal word of na die "leningsrekening" van lede geallokeer word.

Die fondse in die leningsrekening word deur Agra gebruik om doelwitte te bereik wat daargestel is om die besigheid te laat groei.

V: Wat beteken die bedrae in die "loan"-kolom?

A: Dit dui die toedeling tot en balans in die leningsrekening van 'n lid aan. Die opgehoopde balans in die leningsrekening van 'n lid asook die aandeelbalans (N\$1/aandeel) word aan die lid uitbetaal wanneer hy/sy as lid bedank of boerdery staak, of aan die boedel wanneer die lid te sterwe kom.

Verdere inligting is in die skrywe aan lede gegee, maar lede wat vrae het is welkom om Agra te kontak by die kontaknummers wat op die skrywe gegee is. (R)



# A & R PETSUPPLIES WEN MET KWALITEIT

A&R Pet Supplies van Anke en Roland Bauer is verspreiders van hoë kwaliteit voëlkos asook voëls.

Hierdie besigheid het gegroei van 'n klein winkeltjie in 'n buitekamer

by hul huis in 1995 tot 'n groot onderneming wat spog met die "International Gold Star for Quality"-toekening wat hulle in Oktober 2008 ontvang het.

Hierdie toekening word internasionaal deur die "Business Initiative Directions" wat in Spanje gesetel is, toegeken en besighede in 173 lande word geëvalueer. Die besighede word genomineer deur kliënte en 'n volledige oudit word gedoen om die besigheid te evalueer aan die hand van sewe beginsels van 'n internasionale model vir algehele kwaliteit. Kwaliteit van die produk, dienslewering, bestuur van menslike hulpbronne, respek vir die natuur en positiewe besighheidsresultate is belangrike komponente wat in berekening gebring word.

A&R Pet Supplies is die eerste besigheid in die troeteldierbedryf wat so 'n toekening ontvang.

Agra is trots op die verbintenis wat ons het met A&R Pet Supplies en om hul produkte op ons rakke landswyd te verkoop.

(R)



Anke en Roland Bauer met hul toekening en sertifikaat saam met een van hul toegewyde personelede, Paulus Haindunge



# AGRA'S FIRST PUBLIC LECTURE IN 2009 A HUGE SUCCESS



From left to right: W Grobler, presenter of Feedmaster, governer TD Murorua of the Kunene Region, I Ouseb, representing ECFSP, Dr Rothauge of Agra, Dr Modimba, state veterinarian in Outjo, Hon. H Booy, Member of Parliament, A Gaseb of ECFSP and Dr Hassel of Agra, at the practical demonstration session.

Agra can record their first public lecture this year on practical farming as a huge success. This information day on practical farming, in partnership with the Emerging Commercial Farmers' Support Programme took place on Monday, 02 February 2009 at Ombinda Lodge in Outjo.

Honourable Hans Booy, Member of Parliament, the governer of the Kunene region, TD Murorua and other community leaders, agriculture role players and dedicated farmers made up the audience. Informative lectures by Dr Rainer Hassel and Dr. Axel Rothauge on animal production and animal health, led to many lively discussions. Practical demonstrations and lots of visual material formed part of the programme and involved all until late in the afternoon at the Agra auction kraals.

Evaluation of the event by participants showed great appreciation and reconfirmed the importance of such days. Agra and the ECFSP are excited to present the next public lectures at the following dates:

(E)

Grootfontein	17 March
Tsumeb	18 March
Gobabis	02 April
Omaruru	23 April
Windhoek	24 June
Keetmanshoop	28 July
Mariental	29 July



## AGRA SE BYDRAES MAAK HARTE BLY

Agra het gedurende die Kersseisoen en vroeg in hierdie jaar 'n totaal van N\$24 250 oorhandig aan organisasies in dorpe waar Agra takke het.

Deur die jaarlikse "Have a Heart"-veldtog van Agra en ons betrokkenheid by die Dollar-a-Ton promosie van Afrisam, wyk Agra af van die normale borgskapfokusgroepe wat hoofsaaklik landbou-inisiatiewe en landbou-organisasies insluit. Dit is die een maal in 'n jaar wat Agra gee aan lief-

dadigheidsorganisasies soos sokkombuise; kinderskole; ouerhuise en verskeie ander gemeenskapsprojekte-en inisiatiewe.

Die honde-eenheid van die Namibiese Polisie het ook 'n veeartsenynoodhulpkas as geskenk ontvang as deel van Agra se bydrae tot dieregesondheid-en welstand.

(R)



Maerua kinderskool, Sidadi Soup Kitchen en Mariental munisipaliteit; Berg Aukas en die Children's Village in Usakos is van die organisasies wat gebaat het by skenkings deur Agra.